

**AS GOD VOLKE
AAN HUL EIE LOT OORGEË**



Ds André vd Berg

Rom.1:18-32

“Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk....” (Rom.1:18).

Inleiding

Suid-Afrika beleef sedert 1994 ’n sedelike vryval nadat die Christen-grondwet tot niet gemaak en die land amptelik tot ’n wêreldstaat verklaar is. Die lugleegte wat dit gelaat het, laat misdaad hoogty vier en geweld sulke ongekeende afmetings aanneem, dat mense daaglik selfs binne hul huise vir hulle lewens vrees.

Dis nie ’n demokrasie nie maar eerder ’n skrikbewind waar barbaarse optrede gangbaar is, plaasmoorde die hoogte inskiet, dwelmverslawing epidemiese afmetings aanneem, dissipline sienderoë kwyn, woede oral opbou en booswigte die land daaglik plunder. Aanspreeklikheid het ’n stille dood gesterf, gesonde werksetiek het skaars geword en infrastrukture in duie laat stort.

Daarbenewens het onderwys ’n ongekeende laagtepunt bereik en word ’n geslag jongmense sonder kennis van die Bybel groot. Dit voorspel niks goed vir die toekoms nie! Die vraag op almal se lippe is: Wat het met ons land gebeur? Waarom val alles uitmekaar? Wat gaan aan?

Suid-Afrika ervaar God se toorn. Hy onttrek Hom aan ’n volk wat met sy weë en die waarheid vertrou was en dit bewustelik verlaat het. Hy waarsku Israel:

“Dan sal my toorn op dié dag teen hulle ontvlam, en Ek sal hulle verlaat en my aangesig vir hulle verberg, sodat hulle verteer word en baie onheile en node hulle oorkom. Dan sal hulle op dié dag sê: Het hierdie onheile ons nie oorgekom, omdat onse God nie onder ons is nie?” (Deut.31:17).



1. Godsopenbaring

God openbaar Homself. Gevolglik weet elke mens dat Hy is:

“...omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie;” (Rom.1:19,20).

Dis die natuuroopenbaring. Gevolglik kan niemand sê dat hy nie van God weet nie. Paulus sê tydens sy reis in Griekeland vir die Atheners:

“... ek sien dat julle in elke opsig baie godsdienstig is. Want terwyl ek rondgegaan en julle heiligdomme aanskou het, het ek ook ’n altaar gevind waarop geskrywe is: Aan ’n onbekende God...” (Hand.17:22,23).

Alhoewel God deur die geskape wêreld aan mense bekend was, het hulle Hom bewustelik verwerp en die leë gevoel wat toe in hul lewe ontstaan het met allerlei afgode gevul. Na beraming hang bykans 1,7 biljoen mense wêreldwyd ongeïdentifiseerde godsdienste aan!

Alle godsdiens soek egter nie na die lewende God nie. Baie mense spook om deur die primitiewe verwarring, bese tradisies en foute van hul voorsate by die ware God uit te kom sonder om daarin te slaag. Niemand klim uit die slym van afgodery op na God nie, maar sak verder daarin terug.

God roep deur sy Gees sondaars tot die lig:

“...en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig...” (Rom.8:30).

“God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here” (1 Kor.1:9).



2. Godsverheerliking

God se uitverkorenes is daarop ingestel om Hom te verheerlik:

“Laat alles wat asem het, die HERE loof! Halleluja!” (Ps.150:6).

God word op talle maniere verheerlik. Eerstens deur te bely dat Christus die Here is. Omdat hulle nie sy heerskappy wil aanvaar nie, wil die godvyandige wêreld niks daarvan weet nie.

Gelowiges verheerlik God ook in hul doen en late:

“Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God” (1 Kor.10:31).

God word ook deur sonde, belydenis en getroue gehoorsaamheid aan sy Woord verheerlik. Van Abraham word gesê:

“En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee” (Rom.4:20).

Paulus lê egter baie sterk klem op sedelike reinheid as ’n verheerliking van God:

“Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God” (Rom.6:12,13).



3. God se toorn

God straf ongehoorsaamheid. Die NT begin en eindig met etlike waarskuwings daaroor. Wie sy waarheid verag, word met die oordeelsdag in die hel gewerp as toppunt van God se toorn. Die mensdom gaan egter net voor die wederkoms van Christus, God se voorlaaste toorn in die geheel ervaar nl. die groot verdrukking (Mt.24).

God talm egter nie met toorn nie. Mense het al regstreek uit die hemel daarmee kennis gemaak wanneer Hy kragtig ingryp en sondetoestande beëindig soos met die sondvloed (Gen.6) en die verwoesting van Sodom en Gomorra (Gen.19). God laat talle mense ook die vrug van hul boosheid pluk. VIGS is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Dis nie bloot God se straf op homoseksualisme nie, maar ook op 'n gemeenskap wat dit verdra!

God se toorn is egter fel oor diegene wat aan Hom getrou was en toe sy weë verlaat het om met sonde te volhard. God wyk van hulle soos met Simson gebeur het:

“...En toe hy uit sy slaap wakker word, sê hy: Ek sal vry uitgaan soos die vorige kere en my losruk. Want hy het nie geweet dat die HERE van hom gewyk het nie” (Rigt.16:20).

In Rom.1 gebruik Paulus drie maal die woord *oorgegee*:

*“Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte **oorgegee**....” (:24)*

*“Daarom het God hulle **oorgegee** aan skandelike hartstogte.....” (:26)*

*“...het God hulle **oorgegee** aan 'n slegte gesindheid....” (:28)*

Die Griekse woord *paradidmi* wat hy hier gebruik, is 'n regsterm wat beteken om 'n oortreder aan vervolging oor te gee. God laat oortreders hul verdiende loon ontvang.



4. God se strafpatroon

Wanneer God Hom aan 'n volk onttrek, volg sy straf 'n bepaalde patroon. Dit begin by sedelike verval en lei daarna na seksuele opstand.

“Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer...” (Rom.1:24).

Om aan sonde vrye teuels te gee, word bande met God verbreek:

“Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp” (Ps.2:2,3).

Suid-Afrika is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Die toename in saamwonery skets 'n droewige prentjie - mense wat God se instelling van die huwelik minag. So ook kerke se ontsondiging van homoseksualisme.

Paulus skryf dat God sulkes aan 'n slegte gesindheid oorgee *“...om te doen wat nie betaam nie”* (Rom.1:28). In vers 32sê Paulus: *“...al ken hulle die verordening van God goed”*. Paulus praat hier van 'n gemeente wat die waarheid onderdruk en hul op die bodem van die put van ontsporing te pletter geval het.

Die OT waarsku telkens dat God 'n volk wat die waarheid onderdruk, aan sy eie lot sal oorlaat:

“Efraim is gekoppel aan die afgode: laat hom staan!” (Hos.4:17).

“Hy het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel” (Hand.14:16).

Jesus sê van die Fariseërs:

“Laat hulle staan; hulle is blinde leiers van blindes. En as ’n blinde ’n ander blinde lei, sal al twee in die sloot val” (Mt.15:14).



5. Homoseksualisme

Paulus skryf in geen onduidelike taal oor een van die duidelikste tekens van godsverlating - seksuele onreinheid:

“Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid.....” (:24).

As Hy ’n volk aan sy eie lot oorlaat, vier onreinheid hoogty. Egbreuk, huweliksverbodskelting, pornografie, pedofilie en ander misbruik wat die liggaam onheiligh, die gees besmet en gemeenskappe ontwig, is aan die orde van die dag met homoseksualisme as ’n laagtepunt.

Laasgenoemde is bewustelike opstand teen God en nie Bybels regverdigbaar nie. Die apostels, kerkvaders en Hervormers wat baie ernstig met die Bybel omgegaan het, het dit van meet af aan as ’n gruwel verag. So ook meer as 300 jaar se Gereformeerde teologie.

Jesus verwys in Mark.10:7,8 na Gen.1:27 en 2:24:

” Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees”.

God het die huwelik as ’n hersamestelling in een vlees ingestel. Hy het Eva uit Adam geskape om in die huwelik weer een vlees te word. Homoseksualisme trek ’n streep daardeur en gevolglik Satan se nabootsing van die heilige instelling! Daarom word homoseksualisme in die OT met die Hebreeuse woord *toeva* wat “gruwel” beteken, verbind.

Die Bybelskrywers het ergerlike afgodspraktyke daarmee beskryf. Vir 'n man om met 'n man omgang te hê, was ergerlik. Vir die gelowiges van die NT was daar geen onduidelikheid hieroor nie. Dit wat die NT daaroor sê, was alreeds in die OT gesê. Gelowiges het geweet dat oortreders van die koninkryk van God afgesny sou word.

Paulus skryf in Rom.1 met goeie rede eerstens oor lesbianisme voordat hy die gruwel van homoseksualisme by mans aanspreek. Lesbianisme is 'n bewustelike opstand teen God, Hy wat die vrou met moederlike instinkte en die verlange na 'n man as gesinshoof geseën het. Met lesbianisme gooi die vrou hierdie seëninge as't ware in sy gesig terug!

Vrouens maak hul egter minder aan dié gruwel skuldig. Amerikaanse statistiek toon dat 13% van die mans homoseksueel en 5% van die vrouens lesbiërs is. Oral waar homoseksualiteit egter die vroulike geslag besmet, is deug daarmee heen. Geen wonder dat ou Romeinse geskrifte net drie maal daarna verwys nie. Dit was toe al walglik. Vandag lei lesbiërs dikwels talle homoseksuele optogte!

Homoseksualiste ag die geslote karakter van die tradisionele huwelik te negatief en eis ruimte vir oop verbintenisse; 'n supermark-atmosfeer waar elkeen kan vat wat hy wil hê en so veel as wat hy wil hê. Nodeloos om te sê, rym dit uiteraard nie met 'n gelowige lewenstyl nie.

Homoseksualisme is erotiese riool en besmet lewens. Daarbenewens is dit teen die geskape natuur en gevolglik 'n korrupsie van die menslike biologie:

“...want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe...”(26,27).

Homoseksuele verhoudings deurstaan selde die toets van die tyd. Die geestesstryd wat hierdie mense ervaar, laat hulle dikwels van die een verhouding na 'n ander een swerf. Hulle is ook baie meer tot selfmoord geneig. Hulle onbeteuelde wellus gee dikwels aanleiding tot aanranding en moord omdat hierdie gruwel hul geestelik en fisies verteer. In Rom.1:27 noem Paulus dit tereg 'n ontbranding!

Geen verskoning regverdig die beoefening van homoseksualisme nie. Dis sonde. God het by geleentheid so kwaad daarvoor geword, dat Hy twee stede met swael en vuur vernietig het. As God daarvoor kwaad geword het, het geen mens die reg om 'n goeie woord daarvoor te hê nie – allermins nie 'n kerk nie! In die OT is die doodstraf selfs daarvoor bepaal!

“En as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het, soos 'n mens met 'n vrou het, het hulle al twee iets gruwelik gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word” (Lev.18:22).

Die Hebreeuse woord *sekerlik* beteken hier “sonder enige uitsondering”.

Homoseksualiste sterf word gereeld deur hul eie toedoen. Duisende mense sterf jaarliks in Suid-Afrika weens VIGS en is kerke wat homoseksualisme ontsondig indirek aan hul dood aandadig. Die ontsondiging van dié gruwel, homoseksualisme, noop ontspoorde kerke om hul deure vir pedofiele, selfde geslag huwelike en die ordening van homoseksuele leraars oop te maak.



6. Verwarde denke

Hoe kan kerklui wat veronderstel is om die Bybel baie goed te ken, 'n gruwel soos homoseksualisme goedpraat? Die antwoord is voor die hand liggend; hulle het die vermoë om reg te dink verloor. Gevolglik kan nie tussen waarheid en leuen onderskei nie:

“...maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister....” (Rom.1:21).

Die NG Kerk is 'n sprekende voorbeeld hiervan. In 1986 spel sy haar amptelike beleid oor homoseksualisme as volg uit:

“Homoseksuele praktyke en 'n homoseksuele verhouding moet afgewys word as in stryd met die wil van God, soos deur die Heilige Skrif geopenbaar”.

Vandag sing sy 'n ander deuntjie omdat sy haar eertydse Bybelse maatstaf met 'n eietydse kultuurmaatstaf vervang het wat homoseksualisme as 'n wisselvorm van erotiese liefde beskou. Nee, 'n liefde wat sonde bedek, is nie liefde nie!

“Die liefdehandel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie... reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid” (1 Kor.13:5,6).

Kerklui wat eerder na mense as na God se Woord luister, glo dat hulle baie slim is. Die teenoorgestelde is eerder waar:

“Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie” (1 Kor.1:17).

In Gen.3 word van die boom van *kennis van goed en kwaad* wat in die tuin van Eden was, geskryf. God wou verhoed dat die mens daarna sou streef om slimmer as Hy te wees en homself as Regter oor goed of kwaad te verhef. Daarom het God vir Adam van hierdie boom af weggehou om nie in die versoeking te kom om op sy eie voortreflikheid staat te maak nie. God moet alleen gehoorsaam word.

Daarom is alle wysheid wat nie met God rekening hou nie ramspoedig. Dit het geen krag nie en slaag gevolglik nie daarin om mense se lewens te verander nie. Sulke wysheid laat die mens leeg en in sonde-duisternis verdwaal. Dit neig gewoonlik na sedeloosheid.

Dit wat menslike wysheid nie kon doen nie, het God se “dwaasheid” wel vermag - siele van die ewige dood gered!

“Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God; ... Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie? Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red” (1 Kor.1:18-21).



7. Menseregte

Wie leer dat die Bybel slegs deur die bril van die moderne mens geles kan word, dwaal. Want dan hoor mense net wat hulle wil hoor en nie wat God vir hulle wil sê nie. Dit weerspreek die Bybelse waarheid dat God gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is. Gevolglik kan 'n eertyds gruwel nie vandag vir Hom aanvaarbaar wees. Wie met so 'n teologie werk, leer dat God 'n veranderende God is. Dit skreeu ten hemel!

Kerke se dwase ontsondiging van homoseksualisme gaan nie oor nuwe Bybelse insigte nie maar oor menseregte. Die Bybelse uitsprake oor homoseksualisme klop nie met die wêreld se aandrang op menseregte nie. Om met laasgenoemde in pas te wees, hervertolk kerke die Bybel sodat daar van 'n God wat reinheidswette voorskryf en gehoorsaamheid eis, geen sprake is nie.

Menseregte vrywaar geen sondaar van die Bybelse opdrag dat hulle hul moet bekeer en die vrugte dra wat by die bekering pas nie. Geen staatsgesag skryf vir God voor nie! Wie homoseksuele mense nie oor God se oordeel waarsku nie, sal voor sy regterstoel verantwoording doen:

“As Ek aan die goddelose sê: Jy sal sekerlik sterwe — en jy waarsku hom nie en spreek nie om die goddelose vir sy goddelose weg te waarsku om hom in die lewe te hou nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis” (Eseg.3:18).



8. Skandvlek

Die ontsondiging van homoseksualisme is 'n skandvlek op ons volk:

“Geregtigheid verhoog 'n volk, maar die sonde is 'n skandvlek vir die nasies”
(Spr.14:34).

Ons het altyd die waarheid geken, die Bybel in ons eie taal, Skrifgetroue kerke en eerbare teologiese opleidingsentra gehad. Nie meer vandag nie. Baie van die kerke wat vandag voorgee om God te dien, lieg skaamteloos. Hulle het bewustelik van die waarheid afgewyk en hul met ongeloof laat besmet.

Paulus skryf aan Timotheüs:

“...want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels” (2 Tim.4:3,4).

Dit gebeur sienderoë. Sonde word 'n kerklike baadjie aangetrek en as teologiese vernuwing aangebied. Wat vir ongelowiges musiek in die ore is, stem gelowiges tot groot droefheid.



9. Herstel

Kan ons verloopte volk na God terugkeer? Ja, ons kan indien ons eerstens diepe berou oor ons afvalligheid het:

“...maar as dié nasie waaroor Ek gespreek het, hulle bekeer van hul boosheid, sal Ek berou hê oor die onheil wat Ek van plan was om hulle aan te doen”(Jer.18:8).

Tweedens moet ons van alle dwaalleraars in ons land ontslae raak:

“... Kyk, Ek het dit teen die herders! En Ek sal my skape van hulle hand eis en maak dat hulle geen skape meer oppas nie...”(Eseg.34:10).

Derdens moet ons slegs na die Bybel luister en die waarheid koester:

“Luister na My, my volk, en neig die oor tot My, my nasie! Want ’n wet sal van My uitgaan, en Ek sal my reg vasstel as ’n lig van die volke” (Jes.51:4).

God was bv. bereid om na ’n ontspoorde Israel terug te keer as hulle maar net wou luister:

“Maar my volk het na my stem nie geluister nie, en Israel was vir My nie gewillig nie... Ag, as my volk maar na My wou luister, Israel in my weë wou wandel!” (Ps.81:12,14).

Daar is selfs vir homoseksuele mense genesing by God:

“Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienswaarders of egbrekers of wellustelinge of sodomiete ... sal die koninkryk van God beërwe nie. En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregtig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God” (1 Kor.6:10,11).

Talle mense is al van homoseksualisme genees. Almal getuig dat dit net deur die genade van God is. Omdat mense nie so gebore word nie, kan hulle verander.

“Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig” (Gal.5:16,17,24).

“Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid en jaag ná geregtigheid, geloof, liefde, vrede, saam met die wat die Here uit ’n rein hart aanroep” (2 Tim.2:22).

Slot

Ons volk betaal ’n bitter duur prys vir ons geheul met die wêreld. Die tydsgees wat dit adem, sleur talle hoofstroomkerke mee en dit wat hulle leer, beroof lidmate van die krag om vir sonde nee te sê. Petrus skryf:

“Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is?” (1 Pet.4:17).

